# Kareeberg Munisipaliteit

**98/2022 TENDERS: NUWE LAAIGRAAF (TLB)**

Skriftelike en getekende tenders word hiermee ingewag vir die lewering te Carnarvon, vir 'n nuwe CAT TLB 4X4 met 'n diensplan en waarborg.

Volledige besonderhede en spesifikasies van masjien wat aangebied word moet ingesluit word in die tenders. Die masjien moet by aflewering geregisteer en lisensieer wees.

Meer besonderhede is op aanvraag verkrygbaar by die Hoof Operasionele Bestuurder.

**Tenderaars moet hulle unieke MAAA nommer verstrek en slegs tenders van geregistreerde handelaars (moet gelys wees vir die verkoop van masjienerie) sal oorweeg word. Tenders sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD4) nie aangeheg is nie. Geliewe daarop te let dat evaluering op die 80/20-puntestelsel sal geskied, en derhalwe moet die vorm MBD 6.1 ook ingedien word vir beoordeling op die 20-puntstelsel. Die ingevulde vorms MBD9 en MBD 8 moet ook aangeheg wees met bewys dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde tenders gemerk "**TENDER: TLB 4X4**" moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 9 DESEMBER 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige tender te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige tenders as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. A P F VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

18 November 2022

L8.2.1

Noordwester: 18 November 2022
Webtuiste: www.kareeberg.co.za